

## **Nuwe Afrika-stemme help internasionale pogings met belastingdeursigtigheid versterk**

**Kaapstad, Donderdag 6 Julie 2023** – Die [Suid-Afrikaanse Inkomstediens \(SARS\)](#) bied die 13de byeenkoms van die Afrika-inisiatief, oor 2 dae aan, wat die kommissaris-generale van inkomste-owerhede, hooggeplaaste verteenwoordigers, kenners, asook streeks- en internasionale organisasies en siviele gemeenskappe van regoor Afrika bymekaar bring.

Die byeenkoms is amptelik deur **Suid-Afrika se minister van finansies, mnr. Enoch Godongwana** geopen, wat die belangrikheid van belastingdeursigtigheidsinstrumente in die wapenrusting van belastingadministrasies om nienakoming te beveg, beklemtoon het: “Die internasionale belastingdeursigtigheidstandaarde is as effektiewe instrument in die bekamping van belastingontduiking en ander onwettige finansiële strome (IFF’e) bewys en in die generering van addisionele inkomste wat gereed is om te belê in die ontwikkeling en voorsiening van publieke dienste.” Hy het die wêreldforum aangemoedig om “Afrika-lande te bly dien en om die Afrika-inisiatief te ondersteun in hul pogings om hul vermoëns, om die standaard van die uitruil van inligting te bou en tot hul volle potensiaal op die kontinent te versterk.”

“n Belastingrisiko enige plek, is ‘n belastingrisiko oral. Daar word ‘n beroep gemaak op belastingadministrasies om ‘n transformerende en hoër doelwit te dien, spesifiek in die belang van die Afrika-kontinent. Samewerking is noodsaaklik as ons ons gedeelde vooruitsig vir doeltreffende hulpbronmobilisering, om armoede, werkloosheid en ongelykheid te beveg, wil dien,” het **mnr. Edward Kieswetter, kommissioner van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) en medevoorsitter van die Afrika-inisiatief** gesê.

“Ons bly standvastig in ons verbinding om Afrika-lande te help om alle uitdagings, in die implementering van en voordeeltrekking uit die belastingdeursigtigheidstandaarde, aan te spreek. Want saam kan ons meer vermag,” het **mnr. Philippe Kokou B. Tchodie, kommissaris-generaal van die Togolese Inkomstediens (OTR) en medevoorsitter van die Afrika-inisiatief** gesê.

“Ons onlangste programme, *Train the Trainer* en [Women Leaders in Tax Transparency](#), toon positiewe resultate in Afrika, en ons sal ons pogings nastreef en versterk om belastingdeursigtigheid aan te moedig ter voordeel van alle Afrika-lande en hul burgers,” het **Zayda Manatta, hoof van die wêreldforum se sekretariaat** gesê.

Die byeenkoms is samelopend vandag met die [Belastingdeursigtigheid in Afrika 2023](#) wat Afrika-lande se nuutste strewe in die aanspreek van hoofkwessies van belastingontduiking en ander IFF’e verteenwoordig, deur die verhoogde gebruik van belastingdeursigtigheid en uitruil van inligting (EOI) vir belastingdoeleindes, asook die wêreldforum se hulpmiddels en oorgrense herwinning van belastingeise.

Die 2023-verslag dek 38 Afrika-lande. Dit toon die positiewe impak van die Afrika-inisiatief se pogings met die voortgesette versterking van belastingadministrasies en hul inkomste-invordering. Dit sit ook die kapasiteitsbou-aktiwiteite uiteen wat deur die wêreldforum en sy

vennote in Afrika in 2022 uitgevoer is uiteen en stel praktiese strategië vir verdere vordering voor.

Noemenswaardige prestasies die afgelope jare sluit in:

- Afrika-lande het gesamentlik meer as EUR 310 miljoen ingevorder as direkte gevolg van uitruil van inligting op versoek (EOIR) sedert 2014, en minstens EUR 1.69 miljard addisionele inkomstes (belasting, rente en boetes) is sedert 2009 in die streek geïdentifiseer deur vrywillige blootleggingsprogramme wat voor die eerste outomatiese uitruilings, EOI en ondersoeke van oorsese inkomste en bates in werking gestel is. Vir die eerste keer het een Afrika-land invordering van EUR 10.6 miljoen (in 2022) deur die gebruik van CRS-data gerapporteer.
- 23 Afrika-lande is nou partye tot die multilaterale [konvensie vir gemene administratiewe bystand in belastingaangeleenthede](#), die mees uitgebreide instrument vir alle vorme van samewerking om nienakoming aan te spreek, en sodoende hul EOI-verhoudingnetwerke aansienlik uit te brei.
- Tot op hede het 10 Afrika-lande hulle verbind tot die [outomatiese uitruil van finansiële rekeninginligting \(AEOI\)](#) teen 'n bepaalde datum, en meer sal na verwagting dieselfde in die nabye toekoms doen, met behulp van die wêreldforum en sy vennote.
- 15 opleidingsaangeleenthede is in 2022 gereël en aan 1 170 beamptes, wat 37 Afrika-lande verteenwoordig, gelewer. Meer as 1 800 bykomende beamptes is ook opgelei in EOI deur plaaslike opleiers wat aan die [Train the Trainer](#)-program deelgeneem het.
- 4 Afrika-lande (Republiek van die Kongo, Angola, Zimbabwe en Sierra Leone) het as die [165<sup>de</sup>, 166<sup>de</sup>, 167<sup>de</sup> en 168<sup>ste</sup> lede](#) by die wêreldforum sedert Junie 2022 aangesluit, wat verder die kritiese politieke aandag op die agenda van internasionale belastingdeursigtigheid demonstreer.

Die [Afrika-inisiatief](#), wat in 2014 bekendgestel is en nou deur sestien skenkers en ontwikkelingsvennote ondersteun word, strewende om te verseker dat Afrika-lande toegerus is om te kan deelneem aan en gebruik maak van die voordele van wêrelddeursigtigheid, om belastingontduiking en ander onwettige finansiële strome beter te kan beveg en uiteindelik hulpbron mobilisering te verbeter om hul ontwikkeling te volhou.

Die wêreldforum is die leidende multilaterale liggaam met die mandaat om te verseker dat regsgebiede oor die wêreld heen die standaard van uitruil van inligting op versoek, asook die standaard van outomatiese uitruil van inligting handhaaf en doeltreffend implementeer. Hierdie oogmerke word bereik deur robuuste monitoring en 'n proses van hersiening deur eweknieë. Die wêreldforum bestuur ook 'n uitgebreide kapasiteitsbouprogram om sy lede te ondersteun in die implementering van die standarde en om belastingowerhede te help om die beste gebruik te maak van oorgrensse inligtingdelingskanale.

Vir meer inligting, kontak:

Mnr. Anton Fisher, SARS Media-eenheid, [afisher2@sars.gov.za](mailto:afisher2@sars.gov.za); kontaknommer +27 82 070 3674.